



Beleef liefde  
Groei in Christus  
Deel die Goeie Nuis

## BULLETIN

22 September 2019

Tel no: 021 919 9253  
E-pos: [info@larochelle.org.za](mailto:info@larochelle.org.za)  
Web: [www.nglarochelle.co.za](http://www.nglarochelle.co.za)

NG Kerk La Rochelle,  
ABSA Bellville,  
Rek no: 1450580003,  
Tak: 523410



## Baie Welkom

### Sondag 22 September

08:15 Gebed in Gebedskamer  
09:00 Ds Wouter Olivier  
09:00 LCF: Henry Dalton  
19:00 Ds Jana Dickason  
Deuroffer: Kinderhuise (Algemeen)

### Sondag 29 September

09:00 Ds Willem Venter  
09:00 LCF: Henry Dalton  
19:00 Prop Annemarie De Kock-Malan  
Deuroffer: Hawesending



*u word hartlik  
uitgenooi om  
voor en na elke  
diens tee &  
koffie te drink,  
iets te peusel  
en saam te  
kuier*

*LW gedurende die  
vakansie is dit  
selfhelp.*

### Jeugbediening:

Hou lekker vakansie. Ons sien julle weer op  
06 Oktober.



### Doopkategese:

Kontak die kerkkantoor om vir die volgende  
doopkategese op 10, 17 & 24 Oktober te registreer.



Yolandie Veldsman van Bloukeurstraat 21 is  
Donderdag oorlede.  
Roudiens is 26 Sept om 16h00 by La Rochelle  
**Ons bid dat die familie die vertroostende  
liefde van die Here sal beleef**



### Siekebesoek of Pastoraat

*Lidmate wat siek is of hospitaal toe gaan word versoek om asseblief die predikant van hul keuse, of die kerkkantoor, in kennis te stel sodat ons u kan besoek*

Die **Seniorbediening** van La Rochelle gemeente nooi alle Seniors, Bybelstudiegroepe en almal wat belangstel vir 'n kuiergeleentheid op **Dinsdag 15 Oktober 2019** om 10h00 in die saal. **Almal is welkom!**

# Welkom

### Aan besoekers & intrekkers

Indien u meer wil weet of wil inskakel by ons gemeente, is daar koeverte met vorms en inligting by die inligtingstafel in die saal beskikbaar.

Lidmaatskapvorms kan u na [register@larochelle.org.za](mailto:register@larochelle.org.za) e-pos of by die kerkkantoor inhandig.

### Nuwe lidmate

**PAROW:** Jacques Izak Woolman,  
Jacarandastraat 102, Protea Hoogte (BW)

Ek sal jou nie vergeet nie.  
Ek het jou naam in my handpalm  
gegrafeer.  
Jesaja 49:15

### Gebedsbrief 22 September 2019

- Dankie dat jy sal erns maak met die gebedsriglyne.
- Gebedsversoeke kan in die gebedsbakke in die voorportale geplaas word of gestuur word aan [pretorius.mm@mweb.co.za](mailto:pretorius.mm@mweb.co.za)
- Gebedsgeleentheid Sondagoggende in die doopkamer 08:15.

#### **Ons dank en loof die Here ...**

- vir ons gemeente en die aktiwiteite wat die afgelope kwartaal plaasgevind het
- vir Sy voortdurende sorg vir ons gemeente wat ons finansies betref

#### **Ons doen voorbidding vir ...**

##### **Die Gemeente:**

- dat ons as lidmate van God se kerk voortdurend erns sal maak met ons dankoffers
- vir die vakansie wat voorlê, dat mense sal rus en veilig sal reis
- mense wat siek is, gebroke huwelike en verhoudings, mense wat werkloos is of geliefdes aan die dood afgestaan het of enige vorm van hartseer en uitdagings beleef.

##### **La Rochelle getuieniswerk:**

Die volgende is gebedsversoeke van Stephan vd Watt uit Japan

- Dank die Here vir goeie gesondheid en vir ons tuiskoms in die RCJ se Westelike ring.
- Bid vir ontvanklikheid in ons buurt vir die nuwe bedieninge wat ons beplan by Kita Kobe gemeente (kinder-fokus).
- Vir insig en uithou vermoë vir Elmar en Nadine du Rand se Japannese taalstudies en Gys en Linda Olivier se nuwe kwartaal as Engelse onderwysers in Kochi.
- KRTS se bestuur, die teologiese opleiding en versorging van studente, hulle beroeping na gemeentes.
- Missie Japan se bestuur wat in die volgende maande deur 'n oorgangsfase sal beweeg.

##### **Die land**

- Bid vir 'n Goddelike ingryping om verlossing van die knellende droogte.
- Misdaadsyfers in die land is bekend gemaak en neem drasties toe. Bid vir vrede en verdraagsaamheid en dat misdaad teengewerk en bekamp sal word.